University of Pretoria etd – Van den Berg, A A (2006)

# AFDELING B: HOE DIE NAVORSING GEDOEN IS

# NAVORSINGSMETODE EN METODOLOGIE

# HOOFSTUK 2

## 2.1 DIE NAVORSINGSWYSE

### 2.1.1 Probleemstelling

Die kerk, of dan gemeente as geloofsgemeenskap (Burger 1991:27-32), is *per se* ook die bestuursomgewing (Kroon 1997:51-70; vgl. ook Van den Berg 1998; Buitendag 1994:2-3). Die bestuur in dié geloofsgemeenskap skep probleme. Die probleme manifesteer deurdat die kommunikasie van die Christelike geloof in die praxis van die geloofsgemeenskap (gemeente) en die moderne samelewing (Heitink 1993:18) mank gaan aan doelmatige en doeltreffende bestuur. Bestuur in die gemeente sal daarom sy plek moet vind as gawe deur die Gees van God aan bepaalde gelowiges in die gemeente. Die projekbestuurder sal die aard, wese, karakter, doel en struktuur van die gemeente as opdrag deur die Woord moet handhaaf in die soeke na 'n bestuursmodel. In die proses van bestuur, moet die gestaltegewing en strukturering van die gemeente sodanig van aard wees, dat dit dien as ontplooiings- en werkruimte vir die genadegawes in die volle spektrum daarvan. Hierdie ontplooiings- en werkruimte behoort binne die gemeente as bestuursomgewing gevestig te word.

Die praktiese teologie sal, om bogenoemde te vestig, voortdurend op soek moet wees na nuwere interpretasiemodelle vir die veranderende omstandighede waarin die Christelike geloof bemiddel moet word. Hierdie modelle sal verder voortdurend aan aanpassings en veranderings onderwerp moet word, aangesien die lewensduur van modelle beperk is (Dingemans 1991:101). Die Projekbestuursmodel as hulpmiddel vir bestuur deur middel van projekte, dien juis as hulpmiddel vir die Praktiese Teoloog om hom in staat te stel om effektief te kan kommunikeer in die gemeente. Die navorsing voorsien 'n deurlopende ondersoek en soeke na 'n hermeneuties- teologiese teorie vir die kommunikasie van die Bybelse boodskap in 'n veranderende kommunikatiewe situasie van die onderskeie handelingsvelde (Heitink 1993:238) van die Praktiese Teologie.

Om dit te vestig, is ondersoek gedoen na die verskillende handelingsvelde (terreine) waarop 'n gemeente funksioneer, en wat die doelwitte is wat op elke terrein bereik behoort te word. Die volgende stap was om vas te stel watter produkte of uitkomste gelewer moet word. Uit die voorgaande twee stappe is bepaal watter dienste, take en aktiwiteite in die gemeente moet funksioneer. Die primêre funksie van bestuur sal dan sodanig moet wees dat dit nie die vrymagtige werking van die Heilige Gees aan bande lê nie (1 Kor. 12). Die projekbestuurder sal deur gebruikmaking van elemente van die teorie van bestuur, naamlik projekbestuur, geïntegreer met algemene- en strategiese bestuur, die gemeente moet toerus.

Die projekbestuurder sal as fasiliteerder (Hoofstuk 5), gelowige mense met die gawe van bestuur en leiding van gemeentelike aktiwiteite moet toerus om die identiteit van die gemeente te herontdek deur:

- 'n nuwe visie vir die gemeente te formuleer;
- 'n nuwe missie vir die gemeente te formuleer;
- 'n waardesisteem vir die gemeente te formuleer (geloofsbelydenis, etos);
- 'n nuwe doelstelling (langtermyn) vir die gemeente te formuleer;
- nuwe doelwitte (korttermyn) vir die gemeente te formuleer;
- 'n plan op te stel om alles te laat gebeur.

Die proses sal die volle siklus van die projekfases moet deurloop. Die proses wat hierbo gevolg is, moet onder andere die generiese proses wees wat die gemeente en die wat leiding neem op elke diensterrein, moet volg, naamlik: die gemeente, kerkraad, elke kommissie, elke diensgroep en ook elke lidmaat. Die diensgroepleiers, in besonder, sal in diensgroepe, taakgroepe of aktiwiteitsgroepe riglyne moet formuleer om bedieningsbehoeftes te vervul. Hierdie bestuursproses, waarin die projekbestuurder die leiding sal moet neem, sal die volgende behels: die toepassing van projekbestuur met die integrering van algemene bestuur en strategiese bestuur. Die formulering en uiteensetting van die gemeente-organisasie op 'n skematiese basis is dan vervolgens baie belangrik. Die sisteembenadering van Kroon (1995:41-44) en die benadering van Manning (Manning 1989:1-7) het 'n handige riglyn gebied. Die twee konsepte kom later in die studie aan die orde.

Verder behoort die projekbestuurder alle bykomende bestuurstake in die proses te inkorporeer. Dit behoort nodig te wees om deelnemende bestuur te bevorder en bestuursverantwoordelikhede onder gemeentelede te vestig. Dit sal belangrik wees om bestuursrolle en bestuursvaardighede van gemeentelede binne gemeenteverband te

University of Pretoria etd – Van den Berg, A A (2006)

ontwikkel. Die doel van die gemeente kan dan bereik word deur doelmatigheid en doeltreffendheid as bewys van dissipelskap. Strategiese bestuur (strategiese beplanning en implementering) sal as bestuurshulpmiddele toegepas word. Verder sal die praktiese toepassing, die uitvoer van die plan, toepassing vind in die gemeente deur middel van projekbestuur. Die projekbestuursproses wat vir die gemeente ontwikkel behoort te word, sal deur moderne bestuurstegnieke deurlopend ontdek "... what he ought to be doing, to understand why he is doing it, and to set forth the basic principles for moving toward the goal of equipping the church to fulfill her mission" (Lindgren 1992:13).

Die probleem in die gemeente lê daarom by die bestuur of administrasie van die gemeente. Bestuur sal fokus op spesifieke take en dienste in elke gemeente. Die plek en funksie van die projekbestuurder sal bepaal moet word. Die plek en funksie van 'n doelmatige gemeentebestuursproses in die opbou van die gemeente sal dan deur die projekbestuurder geïmplementeer moet word. Hierdie projekbestuurder sal bestuursprosesse in elke dienswerk of funksie in die gemeente moet fasiliteer. Hy sal 'n kundige moet word deur moderne bestuurstegnieke in die gemeente toe te pas.

Die proses van bestuur sal as 'n gegewe in die gemeente deur al die belanghebbendes ontwikkel moet word. Elke lidmaat sal eienaarskap van sy of haar dienswerk en taak in so 'n proses moet aanvaar. Die projekbestuurder sal voortdurend besig moet wees met 'n soeke na die eie aard van 'n gemeente om sekere vooropgestelde doelstellings en doelwitte vir 'n spesifieke gemeente te bereik. Die plek, toerusting en funksionering van die projekbestuurder behoort as prioriteit op die gemeente se agenda wees.

Dit sal 'n generiese bestuursproses moet wees waardeur gelowiges:

- as mense in aktiewe gemeentediens
- voortdurend besig met gemeente aktiwiteite, dienste en take
- probeer om menslike en ander hulpbronne
- so doeltreffend moontlik te gebruik
- ten einde in alle bedieningsbehoeftes van die gemeente te voorsien en
- om spesifieke doelstellings en doelwitte te bereik (Van den Berg, 1998).

Om die funksionering van 'n generiese bestuursproses in die opbou van die gemeente suksesvol te implementeer, sal die projekbestuurder die proses deur die beginsel van

deelnemende bestuur moet fasiliteer. Hierdie grondslae behoort dan in perspektief geplaas te word met die oog op implementering in 'n gemeente.

Die projekbestuurder sal hierdie doelstelling bereik deur van die volgende doelwitte na te streef, naamlik:

- die toepassing van die beginsels van projekbestuur en verdere integrering van algemene- en strategiese bestuursbeginsels.

Die profiel, rol, outoriteit en verantwoordelikheid van die projekbestuurder, die projekspan en die projekkantoor, in die proses van die opbou van die gemeente, sal 'n deurslaggewende rol in die projekbestuursmodel speel.

### 2.1.2 Die navorsingsprojek se ontwerp

#### 2.1.2.1 Doelstelling

Hoewel die bestuursaspek van hierdie navorsing swaarder weeg as die teologiese, is dit belangrik dat die bedoeling van God met gemeentewees nooit uit die oog verloor mag word nie. In navolging van Heitink (1993) se model van 'n prakties-teologiese handelingsteorie, sal onder andere 'n hermeneutiese-teologiese uitgangspunt gevolg word, wat die hermeneutiese-teologiese praxis in die verskillende kommunikatiewe handelingsvelde kan dien. Die projekbestuur as bestuurshulpmiddel sal die doelstelling om die prakties-teologiese handelingsteorie in die praxis van die kommunikatiewe handelingsvelde te vestig, fasiliteer. Die doelstelling en oorhoofse doel van hierdie navorsing is daarom die volgende:

- As **basisteorie** die ontwikkeling van 'n hermeneutiese-teologiese teorie vir die handeling in die kommunikatiewe situasie. Die betekenis (vir die basisteorie) is om 'n teologiese beligting van die kerk (soos reeds geïnterpreteer en nagevors) toe te pas. Bestuur as kommunikatiewe handelingsteorie in die praxis berus op teologiese grondslae.
- As **praktykteorie** in die hermeneutiese raamwerk van die kommunikatiewe situasie, die ontwerp van 'n "raamwerk" vir 'n projekbestuursmodel as grondslag vir doelmatige en doeltreffende gemeentebestuur. Hierdie teorie sal 'n alternatief op die normale vir bestuur van die kerk voorstel – verstelde praktykteorie (hoe die kerk veronderstel is om bestuur te word), naamlik:

University of Pretoria etd – Van den Berg, A A (2006)

- ♦ 'n model en raamwerk vir projekbestuur in die gemeente te ontwikkel en
- ♦ geïntegreerde bestuur te vestig met algemene- en strategiese bestuur as basis.

- As **bedieningspraktyk** met projekbestuur as bestuursbeginsel en gerig op al die verskillende handelingsvelde binne die Praktiese Teologie (gemeente): mens en religie; kerk en geloof, godsdiens en samelewing (Heitink 1993:238) vir die implementering van die beginsels van projekbestuur deur:

    - ♦ 'n model en raamwerk vir projekbestuur in die gemeente toe te pas, naamlik:

        - ➢ om die generiese beginsels van projekbestuur te implementeer deur die profiel, rol, outoriteit en verantwoordelikheid van die projekbestuurder, die projekspan en die projekkantoor in die proses te bepaal.

Die doel van die navorsing is 'n empiries-teologiese navorsing. Die oogmerk is dus om:

- die hermeneuties-kommunikatiewe praxis in die bestuur van die gemeente te verstaan;
- aanbevelings te maak om die praxis te verander en te verbeter deur 'n projekbestuursmodel te modelleer en te implementeer.

Die doelwitte om die doelstelling te realiseer word hierna geformuleer.

#### 2.1.2.2 Doelwitte

Ten einde die doelstelling hierbo te bereik, word uitgegaan van die model van Heitink (1993:161), en word die volgende doelwitte nagestreef:

- 'n Literatuurondersoek – dit is die hermeneutiese handeling waar **verstaan** en **begryp** toepassing vind.
- 'n Empiriese ondersoek – die bestaande praxis word ondersoek met betrekking tot die gestaltegewing van 'n bestuursmodel in makrogemeentes van die Ned. Geref. Kerk. Dit behels 'n empiriese handeling waar die **verklaar** toepassing vind.
- Die voorstel van 'n projekbestuursmodel – die bestaande praxis word vervang met 'n verstelde praxis wat 'n verstelde praktykteorie daarstel. Dit behels 'n strategiese handeling waar **verandering** toepassing vind.

Die praktyk om die doelwitte te bereik, word in die volgende handeling verder verduidelik:

- 'n Omskrywing van die basisteorie word gegee oor die interpretasie van die verstaan van die kerk binne 'n Koninkryksperspektief. Dit is ontwikkeling en daarstelling van 'n skriftuurlike begronding van die gemeente wat as projek- en bestuursomgewing sal dien. Dit beskryf skriftuurlik wat die kerk is en hoe die kerk in beginsel as bestuursomgewing moet werk.
- 'n Omskrywing van die praktykteorie word gegee: dit is die teorie wat beskryf hoe die basisteorie in die praktyk (bestuurspraktyk) behoort te funksioneer – die bestaande praxis. Die bepaling van breë grondslae vir toepassing in die praktyk deur 'n doelmatige projekbestuursproses in die bestuursomgewing, is 'n belangrike handeling van die projekbestuurder. Sinodale besluite, die kerkorde en ander kerklike bepalings begelei normaalweg die kerk in dié taak, maar nie noodwendig nie.
- 'n Omskrywing van die bedieningspraktyk word gegee: dit verwys na die werklike situasie van hoe 'n bepaalde gemeente deur die toepassing van projekbestuursbeginsels behoort te funksioneer – die verstelde praxis. In hierdie geval sal die bedieningspraktyk verwys na die toepassing van bestuur deur middel van projekte as grondslag vir gemeentebestuur.

Wat met die studie bereik is, is 'n hermeneutiese en empiriese beter verstaan met die teologiese resultaat dat 'n verstelde bestuursmodel aanbeveel kon word. Die navorser glo dat die Koninkryk van God hierdeur beter gedien kan word.

## 2.2 VERTREKPUNT: HIPOTESESTELLING

'n Navorsingshipotese dui op 'n tentatiewe of voorlopige oplossing van 'n probleem (De Wet et al. 1991:32). Mouton & Marais (1989:135) definieer 'n hipotese as volg: " 'n Hipotese is 'n stelling wat 'n vermeende verband of verskil tussen twee of meer verskynsels of veranderlikes postuleer" (vgl. ook Emory & Cooper 1991:58-63).

Die navorser het na aanleiding van bogenoemde uitgegaan van die volgende hipotese in die studie:

> Die gebrek aan, afwesigheid van, of disfunksionering van 'n bestuursmodel in makrogemeentes in die Ned. Geref. Kerk noodsaak gestaltegewing aan 'n projekbestuursmodel.

University of Pretoria etd – Van den Berg, A A (2006)

Die vertrekpunt was die beginsels van projekbestuur as die kommunikatiewe handeling in diens van die evangelie. Hierdie ondersoek het die volgende definisie van projekbestuur as die kommunikatiewe handeling by die "Project Management Institute" (Project Management Body of Knoweledge – PMBOK 1996:6) oorgeneem:

> "Project management is the application of knowledge, skills, tools, and techniques to project activities in order to meet or exceed stakeholders needs and expectations from a project. Meeting or exceeding stakeholder needs and expectations invariably involves balancing competing demands among:
>
> - Scope, time, cost, and quality
> - Stakeholders with differing needs and expectations
> - Identified requirements (needs) and unidentified requirements (expectations)".

Vir die doel van 'n empiriese ondersoek, is 'n nulhipotese gekies. Die nulhipotese word gebruik vir toetsing. "It is a statement that no difference exists between the parameter and the statistic being compared to it" (Emory & Cooper 1991:521; vgl. ook Mouton & Marais 1989:136). Die doel in die navorsing was om die feit van die nulhipotese te weerlê.

Die nulhipotese vir die doel van toetsing is as volg geformuleer:

> Bestuur in makrogemeentes van die Ned. Geref. Kerk ondervind nie 'n probleem met die gestaltegewing van 'n projekbestuursmodel nie.

Verder het hierdie navorsing op Heitink (1993:18-21) se definisie van Praktiese Teologie as basis vir die ontwikkeling van die prakties-teologiese handelingsteoretiese model binne die bestuursraamwerk vir die toepassing van projekbestuur in die praxis van die geloofsgemeenskap gesteun, naamlik:

> Praktiese Teologie as kommunikatiewe handelingswetenskap is 'n empiries-georiënteerde teologiese teorie in 'n hermeneutiese raamwerk van die bemiddeling (praxis 1) van die Christelike geloof in die praxis van die moderne samelewing (praxis 2).

University of Pretoria etd – Van den Berg, A A (2006)

### 2.2.1 Model vir die ondersoek: Interpretasie

Heitink (1993:154 ev.) se interpretasiemodel het toepassing gevind. Heitink doen dit deur vrae te stel. Om antwoorde te kry en reg te laat geskied aan die kommunikatiewe handelinge, vra hy die vrae binne die volgende struktuur, naamlik: Wie doen wat, waar, wanneer, waarom en hoe?

Elke kommunikatiewe handeling kan volgens hierdie model geïnterpreteer word:

"De vraagzin verwijst naar (1) de actor – wie deed het? (2) het type van handeling – wat deed hij? (3) de modaliteit - hoe deed hij het? (4) de kontekst – waar, wanneer en onder welke omstandigheden deed hij het? En (5) de reden van de handeling – waarom deed hij het?"

Hierdie vaste struktuur dien as kommunikatiewe handeling waaruit Heitink (1993:156-159) sy interpretasiemodel ontwikkel. Die struktuur begelei as model die praktiese teoloog om te vra: Wie doen wat? Die vraag moet verder ontleed word om te bepaal of te verstaan wat met die vraag bedoel word. Die **wat** word as 'n handeling beskou. Hierdie handeling word gekoppel aan die deelnemer/agent in die kommunikasieproses om die interpretasie of begrip/begryp van die handeling te bewerkstellig. Die agent moet in sy deelname aan die kommunikasieproses die **wat** kan interpreteer (verklaar). Daar moet dan betekenis aan die handeling gekoppel word. Die **wie** identifiseer die agent wat deelneem.

Die interpretasie vanuit die antwoord op die vraag begelei of modelleer om die volgende struktuur te volg naamlik:

- Wie doen wat: Waarom/Waaroor?

Die waarom-vraag is intensioneel van aard, omdat dit oortuiging en geloof tot stand wil bring. Die waaroor-vraag is referensieel wat in die interpretasie van die handeling vra na die inhoud van 'n bepaalde kommunikatiewe handeling om dit te "begryp". "Wat is de zin of betekenis van een tekst of handeling?"

- Wie doen wat: Waar/Wanneer?

Hierdie vraag hou verband met die situasie en is gevolglik verbind met die situasionele aspekte van die kommunikatiewe handeling. Die interpretasie is gevolglik empiries van aard.

University of Pretoria etd – Van den Berg, A A (2006)

Dit volg dan logieserwys dat die plek en tyd van die handeling belangrik is in die interpretasie. Die omstandighede waarin die handeling plaasgevind het, kan dan "verklaar" word.

- Wie doen wat? Hoe/Waartoe?

Die instrumentele en teologiese aspek van die handeling word deur hierdie vraag beantwoord. Die kommunikatiewe handeling het strategiese waarde. Die handelinge is dus gerig op "verandering".

Vir die doel van hierdie navorsing vind die interpretasiemodel op die volgende wyse toepassing in die afsonderlike hoofstukke, naamlik:

- Die perspektief van die wat-vraag funksioneer in Hoofstuk 1. Hier word die leser georiënteer ten opsigte van die uitkoms van wat nagevors is.
- Die perspektief van waarom/waaroor-vraag funksioneer in Hoofstuk 2 om 'n motivering vir die navorsing daar te stel – die navorsingsmetode en metodologie.
- Die perspektief in Hoofstuk 3 is die interpretasie se bedoeling om 'n basisteorie te vestig. In Hoofstuk 4 word die interpretasie gedoen om 'n generiese praktykteorie te vestig om te kommunikeer hoe die gemeente bestuur behoort te word – 'n projekbestuursraamwerk.
- Die perspektief van die hoe/waartoe-vraag funksioneer in Hoofstuk 5, deurdat die projekbestuurder as gawe aan die kerk onder die loep geneem word. Die hoe/waartoe-vraag word verder beantwoord in Hoofstuk 6, 7 & 8, deurdat die beplanning en implementering van projekbestuur as bestuursmeganisme prakties tot uitvoer gebring word deur fasilitering deur die projekbestuurder.

## 2.3 METODOLOGIE

Die praktiese teologie as wetenskap met die handelingswetenskaplike benadering soos hierbo omskryf, het toepassing gevind. Die kerk - die gemeente *per se*, word as deel van die samelewing, waarin ons leef en werk, gesien. Die openbaring van God en die ervaring van mense staan in 'n bepaalde relasie tot mekaar (Heitink 1993:114 & 254 – 255; vgl. ook Vos 2000:172-189). Die relasie is die tussen God se Woord en die ervaring van die mens daaruit. Die waarheid van God se Woord kom langs die weg van interpretasie en toe-eiening. Dit is 'n subjektiewe waarheid aangesien dit op elke mens persoonlik gerig is.

Die resultaat van die interpretasie kry in elke mens(subjek) 'n eie werking. God ontmoet mense deur sy Woord. So openbaar God sy wil aan die mens en daar vind 'n ontmoetingsgebeure plaas. Hierdie openbaring wek ervaring. Op hierdie manier leer ons God ken al is die openbaring slegs maar indirek. Dit bly steeds menslike (subjektiewe) ervaring (Heitink 1999:500). Die teks van die Bybel as die Woord van God het die krag om die mens as interpreteerder se verstaan te transformeer. So word nuwe betekenis en ervaringshorisonne geskep (Tracy 1999:500). Die handelingswetenskaplike benadering, wat in hierdie navorsing neerslag vind, het 'n verbreding van die objek van die praktiese teologie teweeg gebring. Verder het die benadering die volgende tot gevolg gehad, naamlik:

- Die wetenskaplike karakter van die vak is gevestig.
- Die perspektief van die vak is verruim.

Die objek van die praktiese teologie het kommunikatiewe handeling in diens van die evangelie geword. Die gevolg hiervan was en is dat die kommunikatiewe handeling in diens van die evangelie ook buite die kerk, in die konkrete konteks van die samelewing, bestudeer kan word (Pieterse 1993:10-12). Die gemeente kan gevolglik nou ook as bestuursomgewing bestudeer word.

Die metodologie van Heitink (1993:17-18), naamlik dat Praktiese Teologie 'n kommunikatiewe handelingswetenskap is wat langs drie perspektiewe: antropologiese-, ekklesiologiese- en diakonologiese teorievorming tot gevolg het, het raakpunte en oorvleueling met die van Van der Ven (1993:38). "The task of the Church is to trace and think through the interactions or lack thereof between Christianity inside the Church and that outside of it". Volgens Van der Ven (1993:41) en ook Burger (1999:111) is daar by 'n metodologie vier basiese funksies van die kerk betrokke: kerygma, leiturgia, koinonia en diakonia. Heitink (1993:238, 262, 277) verwys na hierdie funksies as handelingsvelde en koppel elkeen aan 'n vakgebied (Van der Ven 1993:42 & Heitink 1993:237-241).

Die gemeente kan en behoort van bestaande navorsing buite die kerk gebruik te maak om aan haar doel te beantwoord. Die praktiese teoloog behoort die generiese beginsels van projekbestuur en ander bestuurshulpmiddele te gebruik in die bestuur van die gemeente (Van den Berg 1998). Die metodologie van Heitink (1993) word daarom gekies, omdat hierdie ondersoek 'n empiries-georiënteerde teologiese teorie binne 'n hermeneutiese raamwerk as

University of Pretoria etd – Van den Berg, A A (2006)

prakties-teologiese model vir die interpretasie van die gemeente as bestuursomgewing (praxis) wil ontwikkel.

Hierdie navorsing is daarom empiries georiënteerd, omdat die ondersoek ten doel het om vanuit die basisteorie 'n generiese praktykmodel daar te stel wat in die bedieningspraktyk gestalte kan vind. Die wetenskaplike resultaat van die metodologie in hierdie lig gesien, is die volgende:

- Hermeneuties - 'n bepaalde verstaan van die kerk as gemeente - dit is die basisteorie (Heitink 1993:179-181). Verder is Vos (1996a:11) duidelik in sy benadering ten opsigte van die hermeneutiese: "Met die oog op egte spiritualiteit is 'n kritiese hermeneutiek nodig. Dit vra 'n vertolking van God se Woord vir hierdie tyd wat moderne mense kan aanspreek, indien hulle bereid is om hulle hele bewuste en onbewuste bestaan op die spel te plaas".
- Strategies – vanuit die verstaan van wat 'n gemeente na die bedoeling van God is, die hermeneutiese resultaat, behoort 'n verstelde of herontwerpte praktykteorie geïmplementeer te word. Prakties teologies gesien, behoort die teorie van bemiddeling in die praxis van die moderne gemeente toepassing te vind. Die bemiddeling sal gerig moet wees op verandering deur begeleiding, deelnemende besluitneming en beïnvloeding. Die verandering vir die doel van hierdie navorsing, sal 'n denkskuif ten opsigte van 'n bestuursbenadering moet wees.
- Empiries – die navorsing is gevolglik eksploratief van aard (Heitink 1993:220). Die bedieningspraktyk, naamlik hoe die beginsels van 'n projekbestuursmodel as grondslag vir doelmatige en doeltreffend gemeentebestuur daar moet uitsien, sal 'n kombinasie moet wees van die integrering van die volgende:

  - ♦ Projekbestuursbeginsels - dit is die toepassing van 'n aangepaste generiese projekbestuursmodel.
  - ♦ Teologiese beginsels - die Bybelse boodskap vir die gemeente en samelewing in 'n postmoderne tyd moet van 'n teologiese teorie voorsien word. Dit bestaan uit die bemiddeling van die Christelike geloof in en vir die kerk. Hierdie bemiddeling gaan om 'n kommunikatiewe handeling in diens van die evangelie (Heitink 1993:154).
  - ♦ Empiries sal die navorsing die bedieningspraktyk voed. Die metodologie sal empiries georiënteerd wees. Die uitgangs- en vertrekpunt sal deurlopend die ervaringswêreld van die gelowige lidmaat in die situasie van die kerk en samelewing wees. Die

University of Pretoria etd – Van den Berg, A A (2006)

navorsingsterugvoer uit die makrogemeentes as praxis van die geloofsgemeenskap is deurlopend in die hoofstukke waar van toepassing verwerk.

Heitink (1993:159-161) gebruik begrippe om sy metode uit te werk: begryp, verklaar en verander. Hierdie navorsing sluit dan aan by Heitink in die toepassing van die begrippe in navolging van 'n metodologie.

Die argument/metode van Heitink (1993:161-162) word soos volg verduidelik. "De drie cirkels corresponderen met de verschillende doelstelling van het vak: het interpreteren van menslijk handelen in het licht van de christelike traditie (hermeneuties), het analyseren van het handelen ten aanzien van feitelijkheid en potentialiteit (empiries), het ontwikkelen van handelingsmodellen en-strategieën" (strategies- 'n denkskuif in die bestuur van die gemeente). Hy beeld die beginsel uit in 'n skets (Heitink 1993:161).

Die interpretasie van die skets van Heitink (1993:160-161) en die begrippe is as volg in hierdie ondersoek van toepassing gemaak:

- Begryp - "begrijpen staat centraal in de hermeneutische interpretatietheorie, de sich primair rich op het verstaan van teksten, maar binne de menschwetenschappen kan worden toegepast op het verstaan van handelingen". In hierdie navorsing sal die perspektief fokus op die verstaan van die huidige gebrek en of ontoereikendheid aan effektiewe bestuur van die gemeente as praxis van die kommunikatiewe handelingsvelde. Hierdie handelingsvelde is die omgewing waarbinne die bemiddeling van die Christelike geloof doelmatig en doeltreffend bestuur moet word (Heitink 1993:160).
- Verklaar – hierdie navorsing het van 'n empiriese navorsingsvraelys gebruik gemaak nadat die navorsingsomgewing (makrogemeentes volgens definisie) geïdentifiseer is. Hierdie manier van doen was om 'n bevestiging te kry dat daar wel behoefte bestaan aan 'n praktykmodel wat verander moet word. Sodanige verandering wat 'n verstelde praktykmodel tot gevolg moet hê, sorg vir 'n interpretasie van die bestaande bestuursmodelle in die praxis as geloofsgemeenskap. Die afleiding hieruit is dat alle handeling situasioneel is. Die betekenis hiervan is dat die handeling afspeel in 'n bepaalde ruimte en tyd en beskik oor 'n eie konteks wat deur uiteenlopende omstandighede en faktore bepaal word (Heitink 1993:212).
- Verander - die resultaat waarvan hierbo melding gemaak word, vra dat daar strategiese besluite geneem moet word. Hierdie besluite sal verandering teweeg bring wat 'n denkskuif ten opsigte van bestuur in die gemeente sal bewerk. Daar sal dus beleidmatig,

University of Pretoria etd – Van den Berg, A A (2006)

planmatig en metodiese handelinge geformuleer moet word. Die verandering sal 'n direkte invloed op die hermeneutiese en empiriese perspektiewe hê.

Hierdie metode dring die geloofsgemeenskap, die gemeente, met al sy lidmate om mekaar te begelei tot verstaan (hermeneuties). Dit is verder belangrik om te meld dat hierdie model die kerk moet begelei tot die ontdekking van hulle eie voorveronderstellings van die toepassing van bestuur in die algemeen en projekbestuur in besonder. Dit dwing die gelowige om selfondersoek te doen na sy eie denkproses om gevolglik verantwoording te kan doen ten opsigte van sy eie teologiese teorievorming.

### 2.3.1 Vooraf ondersoek

Die funksionering van die gemeentes van tweeduisend, behoort die belangstelling van talle praktiese teoloë te wees. Bestuur van gemeentes het die belangstelling van talle praktiese teoloë geword. Bestuur deur middel van projekte is egter 'n jong benadering in die bestuurswese. Hierdie navorsing poog om die belangstelling van talle praktiese teoloë vir projekbestuur te wek. Die doelmatige en doeltreffende funksionering van die gemeentes en gemeenteprosesse is toenemend die brandpunt van navorsing en publikasies. Daar is 'n verskuiwing weg van die prinsipieel-teoretiese vrae oor die aard en wese van die kerk na vrae oor die bedieninge en dienste van die kerk. Die praxis van die moderne gemeente, die kommunikatiewe handeling in diens van die evangelie soos dit in gemeenteverband gestalte kry, en die funksionering van die moderne gemeente, het die fokuspunt van talle prakties-teologiese studies geword (Dreyer 1993:222).

Die belang van kennis van die konkrete praktyk word nou beklemtoon (Pieterse 1986:63-73). Vossen en andere beklemtoon die feit dat meer as net dogmatiese insigte en die implikasies daarvan nodig is vir die praktyk van gemeentewees (Vossen 1987:233-255). Die omvattende begrip, naamlik "praktykkennis", word gebruik om te verwys na die kennis van die konkrete praktyk. Die bestuurswetenskappe gebruik die term bestuursomgewing om na die konkrete praktyk te verwys as die omgewing wat ondersoek moet word. Kennis van die konkrete praktyk dui op die verwerking van inligting wat op sistematiese wyse uit die praktyk opgeneem is. Praktykkennis word as 'n omvattende begrip gebruik en sluit die resultate van nadenke oor die praktykervaring sowel as empiriese navorsing in (Dreyer 1993:222-223). Praktykkennis oor die gemeente as bestuursomgewing sal onder andere deur prakties-teologiese empiriese navorsing bekom word.

University of Pretoria etd – Van den Berg, A A (2006)

### 2.3.2 Literatuurstudie

Die doel om literatuur vooraf te bestudeer, was om enersyds te bepaal of daar genoegsame literatuur in Suid-Afrika beskikbaar is. Andersyds is bepaal of die omvang van literatuur van so 'n aard is dat die studie suksesvol afgehandel sal kan word. Die navorsing het uit die aard van die saak met beide die bestuurs -en teologiese wetenskappe te make. Die literatuur is in alle universiteitsbiblioteke beskikbaar. As alternatief, indien literatuur nie in biblioteke opgespoor kon word nie, is dit by geselekteerde boekhandelaars beskikbaar.

### 2.3.3 Die belangrikheid van praktykkennis

Die gemeente van vandag, haar funksionering en bestuur, is ter sake. Die bestuur van die bedieninge van die kerk staan sentraal in hierdie navorsing. Die praxis van die gemeente, die kommunikatiewe handeling in diens van die evangelie soos dit in gemeenteverband gestalte kry, is verder hierdie navorsing se fokuspunt. Dit is vir hierdie navorsing belangrik om die konkrete praktyk te beklemtoon. Daar word na hierdie konsep verwys as praktykkennis (Pieterse 1986:63-73).

Praktykkennis word as omvattende begrip gebruik en sluit die resultate van nadenke oor praktykervaring sowel as empiriese navorsing in. Praktykkennis dui op die aktiewe en reflektiewe verwerking van inligting wat op 'n sistematiese wyse uit die praktyk opgeneem is (Dreyer 1993:222). Hierdie navorsing wil in navolging van bogenoemde stellings, projekbestuur vir gemeentes ontsluit en toeganklik maak. Die doel van hierdie navorsing is om die generiese beginsels van projekbestuur as praktykkennis vanuit die bestuurswetenskappe van toepassing te maak op die gemeente. Die prakties-teologiese praktykkennis wat vir die doel van hierdie navorsing bekom is, is enersyds deur empiriese navorsing bekom. Andersyds is die generiese beginsels van projekbestuur wat op die gemeente van toepassing gemaak is, uit die bestuurswetenskap oorgeneem en doelmatig verwerk.

### 2.3.4 Die Noodsaaklikheid van praktykkennis vir teorievorming

Die volgende argumente word deur Dreyer (1993:222-225) aangevoer waarom praktykkennis oor die gemeente en haar funksionering, wel nodig is vir die praktiese teoloog:

University of Pretoria etd – Van den Berg, A A (2006)

- Die funksionering van die gemeente staan nie los van historiese veranderinge en kulturele en sosiale verskille nie. Dit lei tot 'n pluriforme praxis. Weens hierdie pluriformiteit, is een of ander vorm van praktykkennis noodsaaklik vir teorievorming oor 'n bepaalde praktyk. Gebeur dit nie, is die teorievorming oor die gemeentepraxis werklikheidsvreemd.
- Daar bestaan 'n kloof tussen die normatief-etiese ideaal wat vir 'n gemeentelike praxis gestel word en die werklikheid van die konkrete gemeentesituasie. Die ideaal vir gemeentefunksionering en die praktyk daarvan, ly skipbreuk.

Die gemeentefunksionering moet gevolglik nader aan die ideaal gebring word. Daar moet aktief beplan word om verandering te laat plaasvind in die rigting van die ideaal. Hierdie veranderingsproses word deur God bewerk deur van mensewerk gebruik te maak.

### 2.3.5 Praktykkennis : Keuse van 'n benadering

In navolging van bovermelde, is die keuse van hierdie navorsing om deur projekbestuur as bestuursbeginsel die ideaal en praktyk in 'n bipolêre spanningsverhouding, nader aan mekaar te bring (Pieterse 1993:11). Die kerk word nie nou uitgeskuif nie, maar die kerk (in ekumeniese sin), word nou as deel van die samelewing, waarin ons leef en werk, gesien. Op hierdie wyse kan die konkrete praktyk en die konteks van die samelewing waarin die kommunikatiewe handeling in diens van die evangelie geskied, soos reeds gemeld, in die blikveld kom. Deur dus 'n meer holistiese blik op die werklikheid vanuit Koninkryksperspektief te neem, kan Woord en werklikheid saam gesien word (Pieterse 1993:10).

Daar moet nie net geredeneer word oor die normatiewe aspekte vir gemeentefunksionering nie. Daar sal indringende introspeksie van die gemeente gedoen moet word oor waar die gemeente haar bevind op weg na die ideaal. 'n Kritiese interaksie tussen ideaal en werklikheid, tussen teorie en praktyk, tussen die Christelike boodskap en die konkrete gemeentepraktyk, is nodig (Dreyer 1993:223). Die praktykkennis en toepassingsmoontlikhede van bestuur deur middel van projekte, is die keuse van 'n benadering om die gaping tussen teorie en praktyk te oorbrug.

Die gemeente is nie outomaties oppad nie. God gebruik ménse in hierdie proses van verandering in die oppad-wees-na die ideaal. Met hierdie beginsel, teonome reprositeit, lei God mense deur sy Gees om besluite te neem wat die gemeente nader aan die ideaal sal

University of Pretoria etd – Van den Berg, A A (2006)

bring (Firet 1988:161-172). Die mens (gelowige lidmaat) word gevolglik ingeskakel in die veranderingsproses. Van der Ven (1990:96-101) stel stappe in die beplanningsproses voor om die verandering te fasiliteer.

Die stappe wat voorgestel word om vordering in verandering te evalueer, is die volgende:

- 'n Volledige gemeente-analise moet gedoen word wat die eksterne voorwaardes (demografie, ekonomie, politiek, kultuur ens.), insluit.
- Interne voorwaardes (godsdienstige opvattings, houdings ens.).
- Effekte van verandering moet in berekening gebring word.

Nel (1994:148-180) stel dit duidelik dat die bedoeling van 'n gemeente-analise 'n kyk-in-die-spieël is en dat na die hoe-dit-lyk-ervaring iets moet gebeur. Hy begelei gemeentes deur kundige metodes tot selfontdekking en gevolglik verandering. Hierdie verandering is die oppad-wees na die ideaal. Nadat hierdie analise tot verandering gedoen is, volg doelgerigte aksie om die ideaal te bereik. Alles wat tot hier gesê is, begelei praktiese teoloë om praktykkennis op te doen.

Hierdie kennis moet leiers in die gemeente lei om die antwoorde en oplossings vir verandering te formuleer. Die beginsels van projekbestuur wat geïntegreerd gebruik word met ander bestuurshulpmiddele, is noodsaaklik vir die bereiking van hierdie doel. Die projekbestuursproses is dié bestuurshulpmiddel wat juis meganismes bevat wat die leierskap van enige organisasie begelei tot identifisering van probleme en formulering van oplossings.

### 2.3.6 Die aard van praktykkennis - Projekbestuurstoepassing

Praktykkennis oor die gemeente en haar funksionering is noodsaaklik vir die projekbestuurder om doelmatig en doeltreffend te wees. Die aard van praktykkennis wat benodig word, sal gevolglik onder die loep geneem moet word. Hierdie hoofstuk toon o.a. aan hoe praktykkennis wetenskaplik bekom is en hoe die empiriese navorsing gedoen is.

Die aard van die praktykkennis soos benodig, is in die volgende verdeel:

- Praktykkennis bekom deur empiriese navorsing. Hierdie kennis bestaan uit stellings oor die werklikheid wat aan die eise van betroubaarheid, geldigheid en objektiwiteit voldoen. Bestaande inligting oor gemeentes en hulle funksionering, genoem voorwetenskaplike

University of Pretoria etd – Van den Berg, A A (2006)

praktykkennis, is in 'n groot mate gebruik om empiriese navorsing te ondersteun en is van groot waarde vir die praktiese teoloog en projekbestuurder.

- Beginsels van projekbestuur as generiese bestuurskennis wat reeds wetenskaplik getoets en toepassing vind in die moderne bestuursomgewings. Hierdie kennis uit die bestuurswese moet as bestuurshulpmiddel deur mense (lidmate) met die gawe van bestuur geïnterpreteer en toegepas word.

Die aard van praktykkennis oor die gemeente en haar funksionering is benut deur gebruik te maak van die beginsels van projekbestuur. Die projekbestuurder met sy kennis van projekbestuur pas die beginsels toe op die praktykkennis van die gemeente wat bekom is deur empiriese navorsing en bestaande gemeentekennis (Dreyer 1993:221-244).

### 2.3.7 Praktykkennis: Navorsingsbenutting

Die empiriese navorsingsresultate is selektief in diagramme of grafieke vervat en deurlopend waar van toepassing in hoofstukke weer gegee. Die praktykrelevansie van die resultate hou verband met die potensiaal van die navorsing om 'n bydra te lewer tot die oplossing van 'n bepaalde praktykprobleem. Die praktykprobleem is vervat in die hipotesestelling. Die implementeringspotensiaal (interpretasie van elke grafiek) van die navorsingsresultate behoort aan die hand van die volgende aspekte beoordeel te word:

- Is die navorsingsresultate oordraagbaar van een konteks na 'n ander – kan bestuurswetenskaplike beginsels van toepassing gemaak word op 'n gemeente.
- Is die implementering van die resultate uitvoerbaar met in agneming van die bevindinge en voorstelle – die model.
- Is die risiko (die verhouding tussen voor- en nadele) wat die implementering (of die nie-implementering) van die bevindinge, bepaal (Dreyer 1993:237-244).

Die gevolgtrekking waartoe die navorsing wil kom is dat praktykkennis noodsaaklik is vir teoretisering oor die gemeente en haar funksionering. Dit moet spesifiek prakties-teologiese wetenskaplike praktykkennis wees (Dreyer 1993:232). Die praktykkennis vir die doel van die navorsing word beperk tot bestuurskennis in geïdentifiseerde gemeentes. Die navorsing het daarom gebruik gemaak van 'n empiriese ondersoek wat kennis en inligting verskaf het wat noodsaaklik kan wees vir gemeentefunksionering en gemeenteverandering. Die navorsing het meer gebruik gemaak van die navorsingsresultate verwand aan projekbestuur as die van algemene- en strategiese bestuur.

University of Pretoria etd – Van den Berg, A A (2006)

## 2.4 EMPIRIESE NAVORSING: DIE PROSES

### 2.4.1 Afbakening van die studiepopulasie

Die studie word afgebaken tot die gestaltegewing van 'n projekbestuursmodel vir 'n makrogemeente. Die empiriese navorsing word beperk tot die gemeentes in die Ned. Geref. Kerk wat aan die definisie van 'n makrogemeente beantwoord (Hendriks (red) 1992:13).

Aangesien hierdie navorsing die grondslae van doelmatige en doeltreffende gemeentebestuur met die plek en funksie van die projekbestuurder in die proses van bestuur wou bepaal, het makrogemeentes 'n empiriese navorsingsvraelys beantwoord. Hierdie gemeentes verteenwoordig makrogemeentes uit die Ned. Geref. Kerk. Die gemeentes is geïdentifiseer op grond van 'n definisie vir makrogemeentes (Hendriks & Van Rensburg 1994:1-9).

Die grondslae van doelmatige gemeentebestuur is bepaal in die volgende velde van bestuur, naamlik: projekbestuur (bestuur deur middel van projekte), algemene bestuur en strategiese bestuur. Nadat bogenoemde bepaal is, is die grondslae in die bestuursomgewing, die gemeente, toegepas. Die rol, plek, funksie en hulpmiddele van die projekbestuurder in die bestuursproses, was gevolglik bepalend vir toepassing.

Die gekose gemeentes is verder op die volgende wyses geïdentifiseer:

- Per definisie.
- Hul ernstige soeke na bedieningsvernuwing.
- Hul oorweging van alternatiewe bestuursmoontlikhede.
- Hul gedagte aan 'n persoon om prosesse voltyds te bestuur.
- Hul gevorderdheid op die pad van implementering van gekose prosesse.
- Hul identifisering (afsondering/uitsondering) van 'n predikant of lidmaat vir die bestuur van die prosesse.
- Hul gebruikmaking van kundiges (konsultante) in of buite die gemeente.

### 2.4.2 Voorveronderstellings

- Hermeneuties word die ondersoek beperk tot 'n gemeente as bestuursomgewing - die gemeente as geloofsgemeenskap, soos God dit in sy Woord bedoel het, om te wees.

University of Pretoria etd – Van den Berg, A A (2006)

- Empiries, deur navorsingsresultate, via 'n vraelys aan makrogemeentes. Die resultaat van die empiriese navorsing sal dien om 'n projekbestuursmodel te vestig nadat 'n denkskuif ten opsigte van kerk/gemeentebestuur gemaak is.
- Strategies, deur beplanning en implementering van verandering in die teorie van bestuur van die gemeente.

Hierdie navorsing het gevolglik geput uit 'n interpretasie van die Ou- en Nuwe Testament, oor kerkwees soos verstaan en gerapporteer deur die Ned. Geref. Kerk (AKLAS 1982, 1990, 1994). In interaksie met empiriese resultate uit makrogemeentes is strategiese bestuursbesluite vir 'n doelmatige en doeltreffende bestuursmodel vir gemeentes ontwikkel. Hierdie navorsing laat die handelingsvelde deurlopend deel vorm van die uitgangspunt en fokus van die gemeentebestuursmodel. Die handelingsvelde as voorveronderstellings, is die van Heitink (1993:238): Mens en religie, kerk en geloof, godsdiens en samelewing.

Hierdie navorsing het daarom van die veronderstelling uitgegaan dat Praktiese Teologie 'n teologiese en handelingswetenskaplike dissipline is (Heitink 1993:108; Pieterse 1993:52.107). Dit beteken dat die teologiese wetenskap as handelinge (die bemiddeling van die Christelike geloof) net in die gemeente as objek toepassing vind. Die teologiese karakter soos van toepassing in die gemeente, word hermeneuties uitgewerk (Heitink 1993:114; Vos 1996a:7; Dingemans 1991:30; 1996:79). Dit dra 'n handelingswetenskaplike karakter, omdat die handeling ook die objek van Praktiese Teologie is. Die handeling, die bemiddeling van die Christelike geloof, vind binne die konteks van die postmoderne samelewing plaas (Heitink 1993:131).

### 2.4.3 Navorsingsplan

Om 'n doelmatige en doeltreffende projekbestuursmodel en proses te ontwikkel en te implementeer is 'n generiese proses toegepas in 'n bestuursomgewing, die gemeente. Die projekbestuurder het 'n kernrol in hierdie proses te speel. Die vraelys het inligting bekom oor die generiese toepassing van die volgende velde in die gemeente: projekbestuur, algemene- en strategiese bestuur. Die algemene bestuursbeginsels het deel uitgemaak van die vraelys aangesien hierdie beginsels toepassing vind op al die ander terreine van bestuur. Die vraelys het vrae ingesluit rondom die profiel, plek en funksie van die projekbestuurder in sodanige proses (**Bylaag A**).

Die metode om praktykkennis wat benodig is te bekom, is verkry deur multidissiplinêre, interdissiplinêre en intradissiplinêre navorsing (Van der Ven 1990:107-130). Hierdie drie verskillende metodes is in kombinasie met mekaar in 'n mindere of meerdere mate gebruik. Hier moet onthou word dat, alhoewel hierdie navorsing in die praktiese teologie is, die bestuurswetenskaplike praktykkennis swaar weeg in die toepassing daarvan op die gemeente. Die gemeente is die praxis waar die handeling, (die projekbestuur), plaasvind. Die gemeentelike praktykkennis is daarom as onmisbaar vir die generiese toepassing van die projekbestuursbeginsels beskou.

**Stappe** (navorsingsplan) wat gevolg is om die grondslae vir 'n projekbestuursproses en die plek en funksie van die projekbestuurder in hierdie proses te identifiseer en te omskryf, was die volgende:

**Stap 1: Empiriese ondersoek:** Die bepaling van grondslae vir 'n generiese projekbestuursmodel en proses, asook die plek en funksie van die projekbestuurder in die proses.

Vir die doel van hierdie navorsing is verskillende wyses om wetenskaplike praktykkennis te verkry, in kombinasies gebruik. Die eerste wyse wat gevolg is, was om empiriese navorsingsgegewens van die sosiaal- en bestuurswetenskaplikes te gebruik. Hierdie gegewens is agterna gereflekteer vanuit 'n teologiese perspektief. Dit staan bekend as die multidissiplinêre model (Dreyer 1993:228). Don Browning (1983:220-237) is 'n verdere voorbeeld van hierdie benadering. Browning dui aan dat praktykkennis verlang word ten opsigte van veral vyf vlakke van prakties-teologiese denke, naamlik: die metaforiese vlak; die vlak van verpligtinge; die vlak van behoefte en neigings; die kontekstueel-voorspellende vlak en die vlak van reëls, rolle en kommunikasie.

Die navorser, so blyk dit uit Browning se benadering, neem nie enige empiriese navorsing self waar nie. Deur middel van die krities-korrelatiewe benadering bring die praktiese teoloog dan sosiaal-wetenskaplike navorsingsresultate met die teologiese insigte in verband. Die navorser het, wat die navorsingsresultate op die terrein van die projekbestuur betref, hom onder andere op hierdie metode verlaat. Die wyse wat noodwendig ook gebruik is, was om die empiriese navorsing saam, dit wil sê in interaksie met die sosiaal-wetenskaplikes, te onderneem. Hierdie metode staan bekend as die interdissiplinêre model (Van der Ven 1990:113-117).

University of Pretoria etd – Van den Berg, A A (2006)

Die navorsingsresultate uit die gemeentes is deur die navorser gebruik in die toepassing van projekbestuursbeginsels op die gemeente. Die praktiese teoloog, die navorser self, het ook selfstandige empiriese navorsing onderneem. Hierdie metode veronderstel noodwendig dat interdissiplinariteit onmoontlik is sonder intradissiplinariteit. Die intradissiplinêre metode (Van der Ven 1990:113-117) is gebruik om selfstandige praktykkennis te verkry.

Die navorsingsresultate vanuit makrogemeentes het hoofsaaklik op die bestuursaspekte van die gemeente gefokus. Die teologiese vraagstelling, naamlik die toepassing van projekbestuursbeginsels in die gemeente, is gevolglik intradissiplinêr, deur teoloog en sosiaal-wetenskaplike, gedoen (Heitink 1991:534).

Die voordeel van die gebruik van hierdie metode vir hierdie navorsing was die volgende:

- Die navorser is self 'n teoloog (predikant/tentmaker in aktiewe bediening).
- Die navorser is ook 'n gekwalifiseerde en geregistreerde projekbestuurder (PMI 1995).

Die probleemstelling, eie konseptualisering en operasionalisering kon gevolglik deur die navorser self geformuleer word. Dit alles is gedoen deur 'n vraelys aan makrogemeentes te stuur om te voltooi. Verder is onderhoude met geselekteerde projekbestuurders en adviseurs van gemeentes gevoer. Hierdie onderhoude se doel was om grondslae van gemeentebestuur, wat bydra tot die sukses van hulle gemeentes, te identifiseer en te bespreek. Die data is op die volgende wyse verwerk:

- Statistiese ontleding van die gesamentlike insette van al die respondente ten opsigte van al die vrae is gedoen. Resultate is nie in detail bespreek nie.
- Identifisering van die belangrikste projekbestuursgrondslae (literatuurstudie).
- 'n Uiteensetting en toepassing van die belangrikste en toepaslikste projekbestuursgrondslae op die gemeente, is gemaak (ontwikkeling van 'n projekbestuursmodel).

Die bydrae wat die studie met die empiriese navorsing wil bereik is die volgende en behoort telkens tydens die interpretasie van 'n grafiek in gedagte gehou te word:

- 'n Gemeente kan as 'n bestuursomgewing bestudeer word.
- Bestuursbeginsels kan van toepassing op 'n gemeente gemaak word.
- Inligting soos aangevra kan en het van gemeente tot gemeente verskil.

University of Pretoria etd – Van den Berg, A A (2006)

- Resultate het 'n bydrae gelewer tot die verstaan van 'n gemeente en haar funksionering.
- Resultate het die status van bestuurskennis in die gemeentes weerspieël.
- Die resultate behoort 'n bydrae te kan lewer om 'n verstelde praxis te modelleer.
- Die resultate word slegs selektief gedemonstreer en nie in detail bespreek nie.
- Die navorser is instaat om 'n empiriese ondersoek te beplan en uit te voer.

**Stap 2: Literatuurstudie:** Ontleding van elkeen van die geïdentifiseerde projekbestuursgrondslae deur omskrywings, definisies en besprekings uit die literatuur, is gemaak.

Die generiese toepassing van bestuursbeginsels uit die bestuurswetenskappe vir die gemeente as bestuursomgewing, is gedoen in opeenvolgende hoofstukke. Die navorsingsresultate uit die vraelyste is deurlopend in elke hoofstuk, waar van toepassing, gedemonstreer. Die bedoeling was nie om die resultate in detail te ontleed en te geïntegreer nie. Die resultate leen dit daartoe om in 'n artikel oor kerkbestuur vervat te word. Deur die literatuur oor projekbestuur te bestudeer en van toepassing te maak op 'n gemeente, is die navorsingsresultate selektief maar toepaslik soos dit in gemeentes funksioneer, gerapporteer.

**Stap 3: Die identifisering van relevante grondslae:** Identifisering van grondslae om as basis vir die formulering van kriteria vir die toepassing in 'n bestuursproses te dien.

Dit is gedoen deur die bevindinge van die literatuurstudie en die vraelyste te kombineer en te ontleed en die relevante grondslae in 'n bestuursmodel en proses te vervat. Die totale omvang van projekbestuursbeginsels is nie vir die gemeente toepaslik nie. Die gevolg hiervan is dat nie al die beginsels op die gemeente toepaslik gemaak is nie.

**Stap 4: Evaluering:** Bepaling van die geldigheid van geïdentifiseerde grondslae.

Die geïdentifiseerde grondslae is getoets aan die hand van skriftuurlike vereistes en binne die bestuursomgewing, die gemeente, toegepas.

**Stap 5: Interpretasie van navorsingsresultate:** Die interpretasie van die vraelyste is gedoen om te bepaal watter grondslae reeds suksesvol en toepaslik is in gemeenteverband.

University of Pretoria etd – Van den Berg, A A (2006)

Dit is gedoen deur die invul van 'n vraelys deur gemeentes wat reeds bestuursbeginsels toepas en aan die vereiste vir 'n makrogemeente voldoen. Die vraelyste is geëvalueer en saamgevat om te bepaal wat die relevante grondslae, wat bydra tot 'n suksesvolle gemeentebestuursmodel en -proses, is. Hierdie generiese grondslae is verder deurlopend skriftuurlik geëvalueer.

**Stap 6: Resultate:** Die toepassing van die generiese projekbestuursbeginsels op die praktykkennis wat uit die gemeentes bekom is.

Die ontwikkeling van 'n bestuursmodel vir die gemeente is gedoen deur:

- die daarstelling van 'n projekbestuursmodel as grondslag vir doelmatige en doeltreffende gemeentebestuur. Dit is verfyn deur die implementering van 'n generiese projekbestuursproses in die opbou van die gemeente.
- die bepaling van die plek en funksie van die projekbestuurder in die gemeente.
- integrasie met ander bestuurshulpmiddele, algemene- en strategiese bestuur, dit het deurlopend toepassing gevind.

### 2.4.4 Navorsingsvraelys: Opstel en toetsing

Die navorsingsvraelys **(Bylaag A)** is opgestel aan die hand van riglyne deur Mouton (1996); Huysamen (1993) en Emory & Cooper (1991). Verder is die formaat van die vraelys deur die Departement Statistiek van die Universiteit van Pretoria getoets. Die resultate is ook deur dieselfde departement verwerk. Vraelyste is so opgestel dat dit relevante gemeentelike bestuursvrae bevat. Vraelyste is aanvanklik aan geselekteerde respondente uitgestuur om die toepaslikheid daarvan te toets.


Die vraelyste is ná hierdie proefneming herstel deur die veranderinge aan te bring wat interpretasie vergemaklik het. Die vraelyste is daarna aan die geïdentifiseerde studiepopulasie gestuur (makrogemeentes in die Nederduitse Gereformeerde Kerk). Die populasie het bestaan uit 70 makrogemeentes van die Nederduitse Gereformeerde Kerk (Jaarboek 2002). Die vraelyste is aan gemeentes wat aan die definisie van 'n makrogemeente voldoen, gestuur.

Die definisie is die volgende: 'n Makrogemeente (Hendriks 1992:13) het:

- óf 4 en meer leraars en ten minste 2100 lidmate;
- óf meer as 2700 lidmate en ten minste 3 leraars.

Respondente in die gemeentes wat verantwoordelik was vir die invul van die vraelys is die volgende (**Diagram 2.1**)

**Diagram 2.1 Respondente verantwoordelik vir die invul van die vraelys**




**Bron: Navorsingsvraelys 2002**


### 2.4.5 Resultate: Steekproef in die Ned. Geref. Kerk

Die Nederduitse Gereformeerde Kerk bestaan uit 11 Streeksinodes wat die hele Suid-Afrika, Namibië en Zimbabwe beslaan. Die populasie bestaan uit makrogemeentes wat geïdentifiseer is per definisie in al die streeksinodes. Die verspreiding van dié gemeentes in sinodale gebiede word in **Diagram 2.2** gerapporteer. Verder is die profiel van makrogemeentes van die Nederduitse Gereformeerde Kerk met statistiek soos in die Jaarboek (2002) van die Nederduitse Gereformeerde Kerk, in **Bylaag B,** opgeneem. Die bepaling van die tydskale waarbinne die vraelyste uitgestuur en verwerk is, word in **Tabel 2.1** gegee. 'n Uiteensetting van die respons verkry, word in **Tabel 2.2** gegee.

Die terugvoer toon aan dat sewe en twintig (27) van die teikengroep makrogemeentes se vraelyste nie terugontvang is nie. Aangesien die vraelyste vertroulik hanteer is, kon nie bepaal word watter gemeentes hulle vraelyste teruggestuur het nie. Die respondente is slegs gevra om die sinodale gebied waarbinne hulle val, in te vul.

University of Pretoria etd – Van den Berg, A A (2006)

**Diagram 2.2** **Statistiek: Makrogemeentes per Sinodale Streek**




**Bron:** **Jaarboek Ned. Geref. Kerk 2002**

**Tabel 2.1** **Tydskale in 2002`: Verwerking van vraelyste**

| Taak | Mei. 2002 | Jun. 2002- | Jul. 2002 | Aug. 2002 | Sept 2002 |
|---|---|---|---|---|---|
| Uitstuur van vraelyste | X | | | | |
| Ontvang van respons | | X | X | | |
| Statistiese verwerking | | | X | X | |
| Implementering van statistiek | | | | | X |

**Tabel 2.2** **Respons van makrogemeentes uit die Streeksinodes**

| | Gemeentes | % van die totaal |
|---|---|---|
| Aantal vraelyste uitgestuur | 70 | 100% |
| Aantal vraelyste terugontvang | 43 | 61% |
| Aantal vraelyste nie terugontvang nie | 27 | 39% |

**Bron:** **Navorsingsvraelys 2002**

University of Pretoria etd – Van den Berg, A A (2006)

Die resultaat van die opvolg was dat slegs die volgende afleidings gemaak is, maar nie bewys kon word nie:

- vraelyste is nie deur gemeentes via die pos ontvang nie (het in die posstelsel weggeraak – getal onbekend); of
- vraelyste is wel ontvang en teruggestuur, maar die navorser het dit nie ontvang nie (het in die posstelsel weggeraak – getal onbekend); of
- dit kan wees dat vraelyste wel ontvang is, maar nie teruggestuur is nie (onbepaalbaar en die getal is onbekend).

'n Onderneming is van die gemeentes gevra dat daar nie later as einde Julie 2002 gereageer moes word nie. Die rede vir hierdie onderneming was dat die Departement Statistiek die terugvoer moes verwerk en dan moet die resultate in die navorsing ingewerk word. Indien geen reaksie teen die sperdatum ontvang was nie, is besluit om met die bestaande resultate te volstaan.

## 2.5 VOORSIENING VAN PROBLEME

### 2.5.1 Terugvoer van resultate

Die moontlikheid dat respondente stadig sal reageer, is voorsien. Die proses om 'n kerkraadsbesluit oor 'n saak te kry, kan beteken dat die vraelys met kerkraadsgoedkeuring die terugvoering kan vertraag. Die navorser het 'n persepsie gehad dat daar egter 'n positiewe gesindheid in gemeentes is jeens die tipe inligting wat gevra word. Respons van ten minste 70% is aanvanklik verwag. Die resultate en interpretasie van die terugvoer word in **Tabel 2.2** gerapporteer.

### 2.5.2 Beperkinge en leemtes in die navorsing

Die volgende aspekte kan as die grootste beperkinge en leemtes gesien word:

- Min of geen nuwe literatuur oor generiese bestuursprosesse van toepassing op die Nederduitse Gereformeerde Kerk is tans beskikbaar nie. Projekbestuursinligting van toepassing op 'n gemeente, kon nie bekom word nie.
- Min navorsing oor doelmatige gemeentebestuur is gedoen.
- Min of geen navorsing is gedoen oor die projekbestuurder as gemeentebestuurder nie.

University of Pretoria etd – Van den Berg, A A (2006)

- Die subjektiwiteit van respondent-gemeentes om hulle gemeentes "goed" te laat lyk, kan 'n ware beeld van die makrogemeentes benadeel.
- Die meeste van die navorsing op bestuursprosesse vir gemeentes word in die VSA gedoen en is nie altyd relevant in die Suid-Afrikaanse konteks nie.
- Die navorsing van sowel die VSA en ander oorsese lande is goed, maar daar moet daarteen gewaak word om dit net so op die Suid-Afrikaanse gemeentesituasies toe te pas.

## 2.6 BESTUURSBYDRAE: AKTUALITEIT

Die navorser is van mening dat die studie aktueel is binne die volgende kontekste:

- 'n Veranderende samelewing (Buitendag 2001; Hendriks 2001; Joubert 2002).
- 'n Paradigmaskuif binne die praktiese teologie in Suid-Afrika (Van Wyk 1989, 1991, 1994; Pieterse 1993).
- Die oplewing van belangstelling in praktykkennis (Dreyer 1993:221).
- Die oplewing en belangstelling in bestuur en veral gestaltegewing aan projekbestuur (PMBOK 2000; Kerzner 2000; Oosthuizen 1998).

Bogenoemde kontekste word veral in Hoofstuk 4-8 aangespreek. Die aktualiteit van die navorsing kan veral ook in die volgende aspekte gevind word:

- Resultate vir die gemeente: Die navorsing wil die kerk in die breë en gemeentes in besonder help om sy personeel/lidmate so toe te rus dat die voortdurende behoefte aan konstruktiewe leiding en bestuur aangespreek word. Verder kan gemeentelede wat reeds oor bestuurskundigheid beskik, die gemeente meer effektief bestuur. Die navorsing se bydrae is dat 'n bestuursproses vir die gemeente ontwikkel word wat kontinuïteit sal vestig. Die navorsing het ten doel om onder andere predikante en gemeentelede bewus te maak en in te lei in die beginsels van projekbestuur. Dienswerkers behoort gevolglik opgelei en toegerus te word in die beginsels van projekbestuur. Die beginsel van projekbestuur, naamlik die bestuur deur middel van projekte, kan dan met vrug deur elke lidmaat in sy dienswerk toegepas word. Bestuur deur middel van projekte, behoort op alle vlakke in die gemeente toegepas te word. Die projekbestuurder moet die basiese en bykomende bestuurstake van die algemene bestuur by sy bestuur inkorporeer deur middel van projekte op 'n deurlopende basis. Die doel van die navorsing is om die projekbestuurder te fokus om die teorie van bestuur as

University of Pretoria etd – Van den Berg, A A (2006)

wetenskap so te gebruik ten einde die gemeente se doelstellings en doelwitte te bereik. Die navorsing se bydrae is verder om die projekbestuurder op te lei om die gemeente te begelei tot doeltreffendheid en doelmatigheid binne die bestuursproses wat ontwikkel behoort te word vir elke gemeentelike situasie.

- Besparings vir die gemeente: Gemeentes moet huidig in 'n groot mate van 'n fasiliteerder(s) buite die gemeente gebruik maak in 'n poging om die gemeente strategies te begelei. Dit is nie net 'n duur proses nie, maar kontinuïteit word ingeboet. Hierdie studie kan predikante, kerkrade en gemeentelede die toerusting bied om gemeentes effektief te bestuur. So kan die gemeente nie alleen koste bespaar nie, maar kontinuïteit behou. Die gemeentes wat die teorie van bestuur as wetenskap benut, sal dadelik 'n voorsprong bo ander hê. Deur hierdie navorsing word gepoog om die algemene bestuurstake, en bestuurshulpmiddele wat in 'n gemeente van toepassing behoort te wees, vir die gemeente in die breë te ontsluit. Die bestuurshulpmiddele, wat projekbestuur, algemene bestuur en strategiese bestuur insluit, sal deel vorm van die toerusting wat vir die proses nodig sal wees. Gemeentes wat hulle bestuurskundiges, predikante en alle ander belanghebbendes in die gemeente laat toerus met hierdie bestuurstake, sal dadelik gefokus wees en so groot kostes kan bespaar. Die projekbestuurder sal daardie lidmaat moet wees wat hierdie besparing kan teweegbring en op die voorpunt van die nuutste tendense wat gemeentebestuur betref, bly. Hy word gevolglik die toeruster van toerusters.
- Bydrae op die vakwetenskap (Praktiese Teologie): Die navorsing se doel is om 'n gesprek te begin oor die toerusting en funksionering van die projekbestuurder in die opbou van die gemeente. Die plek en funksie van doelmatige gemeentebestuur, as proses in die opbou van die gemeente, is die fokus van die vakwetenskaplike bydrae. Die vakwetenskap kan dan baat vind deur deel te neem aan die gesprek. Verder sal die vakwetenskap baat vind by hierdie navorsing deurdat die navorser kursusse uit hierdie navorsing vir gemeentes wil ontwikkel. Die kursusse kan dan as 'n deurlopende gemeentebestuursprogram jaarliks aangebied word. Hierdie navorsing behoort die grondslag vir doelmatige gemeentebestuur te vind. Hierdie grondslag vir bestuur in gemeentes kan die basis van verskeie toerustingskursusse vorm. Opgeleide en toegeruste bestuurders kan dan as kundige projekbestuurders die generiese bestuursgrondslae in 'n gemeente toepas.
- Denkskuif: Die aktualiteit en behoefte aan doelmatige en doeltreffende bestuur van gemeentes kan nie oorbeklemtoon word nie. Die denkskuif, wat al sterker op die terrein van kerk/gemeentebestuur waargeneem word, dra by tot die oortuiging dat hierdie navorsing 'n bydrae kan lewer tot ware kerkwees. Die denkskuif hier ter sprake, wil dat

University of Pretoria etd – Van den Berg, A A (2006)

gemeentes nuut sal dink oor die manier van hoe gemeentes bestuur moet word. Dit is so dat nuwe denkskuiwe altyd besig is om die oues te vervang in 'n poging om nuwe vrae beantwoord te kry of om oplossings te weeg te bring. Wat wel altyd in gedagte gehou moet word, is dat 'n bepaalde denkskuif op 'n bepaalde stadium van gemeentebestuur, die enigste werkbare antwoord tot die bestuursprobleem mag verskaf. Dit is egter op sigself nooit die rede waarom hierdie denkskuif die enigste ware een is nie.

Die aktualiteit van hierdie navorsing word onderstreep as 'n soeke na 'n hermeneuties-prakties-teologiese projekbestuursmodel. Hierdie model wil 'n doelmatige en doeltreffende model wees vir die gemeente as praxis van die bemiddeling van die ganse Bybelse boodskap. Hierdie bemiddeling sal in die handelingsvelde van die Praktiese Teologie gestalte moet kry, naamlik: mens en religie, kerk en geloof en godsdiens en samelewing, soos reeds genoem (Heitink 1993 93).

## 2.7 'N KOMMUNIKATIEWE HANDELINGSTEORIE

### 2.7.1 Die uitgangspunt vir die studie

Die model vir die navorsing kan saamgevat word deur dit as 'n proses te beskryf. Die navorsing het volgens die model van Zerfass (1974:164-177) verloop. Die model stel voor dat vanuit die huidige praxis (vanweë 'n geïdentifiseerde probleem in praxis 1) gewerk moet word na 'n verstelde praxis of nuwe teorie. Die nuwe teorie lei dan tot 'n gewysigde praxis ('n verstelde praxis 2) (vgl. ook Pieterse 1993:175 & Dingemans 1990:142-143). Die proses word in Heitink (1993:159 ev.) se model soos reeds hierbo verduidelik, vervat. Hierdie model het as raamwerk vir hierdie studie gedien. Die metodologiese uitgangspunt in die studie was om voortdurend die wisselwerking tussen teorie en praxis in die oog te hou. Dit is bewerk deur die volgende in die studie te verdiskonteer:

- Kommunikatiewe handeling: Die kommunikasie van die Christelike geloof (kommunikatiewe praxis). God skakel die mens in sy werk in. God kommunikeer met die mens deur middel van sy Woord (Heitink 1993:20). Die kommunikasie van die Christelike geloof is dan die resultaat van mense se onderlinge verhoudinge en vind binne die kragveld van die Gees plaas (Pieterse 1993:5-7). Die gelowige vind sy/haar identiteit in Christus in toewyding aan mekaar. Mense (gelowiges) gee gevolglik gestalte aan hulle lewe binne die geloofsgemeenskap en in die konteks van die samelewing.

University of Pretoria etd – Van den Berg, A A (2006)

Gelowiges laat hulle lewe in dié kommunikatiewe praxis dan lei deur Skrifbeginsels (Pieterse 1993:6-7).

Hierdie studie het in dié kommunikatiewe praxis gefokus op die volgende:

- 'n Empiriesgeoriënteerde praktiese teologie (Pieterse 1993:9).
- 'n Empiriese ondersoek binne 'n hermeneutiese raamwerk (Heitink 1993:168-169; Pieterse 1993:19-28).
- Die praxis van die geloofsgemeenskap – kerk en samelewing (Heitink 1993:21; Vos 1995a:105 & Pieterse 1993:12).

Die resultaat van die studie:

- 'n Teorie-praxis verhouding as 'n verstelde praxis 2 (Pieterse 1991:139) – 'n projekbestuursmodel vir doelmatige en doeltreffende gemeentebestuur.